Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde

Verwysing: 20210317-1697
Lêerno: 12/2/8/12
12/2/8/16
12/2/8/40
Navrae: L.B. Shasha
I.M. Swartz

Finansiëlerekeningkundeminuut: 0002/2021

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure: Korporatiewe Dienste, Kringbestuurders, Prinsipale, Superintendente van koshuise, en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole en koshuise (met uitsondering van onderwyskolleges)

Onderwerp: Indien van bywoningsregisters met eisvorms vir 2021 se subsidies vir koshuislosies, privaat losies en privaat vervoer

1. Aansoeke om subsidies vir leerders se koshuislosies, privaat losies of privaat vervoer is in die verlede nie volgens wetgewing betyds ingedien nie, wat aanleiding gegee het tot vertragings in oordragbetalings in plaas van die subsidies.

2. Prinsipale word versoek om toe te sien dat alle leerders oor die aansoekproses om subsidies ingelig is, om leiding aan ouers met die aansoekproses te gee en te verseker dat subsidie-aansoekvorms reg en akkuraat ingevul word soos per Omsendbrief 0143/1998 van 06 November 1998 (aangeheg vir maklike verwysing).

3. Alle aansoeke vir 2021 (met ondersteunende dokumente) wat vir goedkeuring by die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde sedert 30 November 2020 ingedien is, is verwerk. Die gevolglike betaling van voorskotte vir subsidies vir koshuislosies is onderweg.

4. Aansoeke wat onvolledig ingevul is en/of aansoeke met onvoldoende ondersteunende dokumente is nie verwerk nie. 'n Amptenaar van die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde sal met die toepaslike skool of distrikskantoor in aanraking kom met 'n verduideliking van die tekortkominge.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2770 Faks.: 086 623 37 44
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

5. Eisvorms vir die 1ste, 2de en 3de kwartale is op die 17de dag van die 2de, 3de en 4de kwartale onderskeidelik betaalbaar, bv. die eisvorm vir Kwartaal 1 van 2021 moet teen 25 Mei 2021 ingedien word.

6. In die geval van 'n leerder wat van 'n koshuis vir meer as 10 dae vir enige eenmalige tyd afwesig is, sal 'n verminderde losiessubsidie betaal word.

7. Die bywoningsregisters vir alle koshuisloseerders wat deur die superintendent van die koshuis deur middel van sy/haar handtekening nagegaan en geverifieer is, moet eisvorms vergesel om die bestaan van die leerders te bevestig en waar van toepassing, verminderde losiessubsidies te bereken.

8. Prinsipale word versoek om toe te sien dat alle kwartaallikse eisvorms wat by die Direktoraat: Finansiële Rekeningkunde ingedien word, volledig en reg is, en dat elke leerder waarvoor geëis word, wel bestaan.

9. Die aansoekproses is oop. Prinsipale word versoek om leerders wat nog nie om subsidies vir koshuislosies, privaat losies of privaat vervoer aansoek gedoen het nie, aan te moedig om dit so gou as moontlik te doen.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2021-04-09